Elkeen benodig ‘n bietjie towerpoeier

Daar was eendag ‘n seun met blou hare. Sy naam was Luna. Sy hare het soos slangetjies gewriemel en hy was slordig. Luna het ‘n slang gehad en sy naam was Sleep.

Toe Luna eendag klaar was met sy huiswerk, het hy saam met sy ouma koekies gebak. Hulle het dit Sleepkoekies genoem, want die koekies het soos slangetjies gelyk. Maar Luna het nie geweet dat die bakpoeier getoor was nie!

Hy het die volgende dag die koekies by die skool verkoop. Almal wat koekies gekoop het, het skielik in slange verander! Luna het gou ‘n plan gemaak en towerpoeier oor die slangkoekies gestrooi.

Die kinders wat in slange verander het, het die nuwe towerkoekies geëet. Hulle het weer normale kinders geword.

Luna het besef dat elkeen ‘n bietjie towerpoeier nodig het. Van daardie dag af het hy altyd towerpoeier in sy sak gedra.

Woorde: 149 (titel ingesluit)

Deur Wehann Snyman

Gr 5